# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
redakteur@apk.co.za

20 November 2019

**OMSENDBRIEF 17/2019**

## BESTELLINGS KERKJAARBOEK 2020

AAN ALLE LERAARS EN SKRIBAS

Geagte Broeder/Suster

**Kerkjaarboek 2020**

Daar is nog baie bestellings vir die Kerkjaarboek 2020 uitstaande. Daarom stuur ons graag weer vir u die bestelvorm. Vir u gerief, is besluit om die sluitingsdatum vir bestellings tot einde November te verleng. Ons wil opnuut die waarde van hierdie publikasie beklemtoon en u aanmoedig om dit onder die aandag van lidmate te bring.

Voltooi asseblief die bestelvorm en e-pos na boekwinkel@apk.co.za of faks na 086 559 7239.

**Geloftedag vieringe**

Baie min gemeentes het inligting oor Geloftefeeste in hulle omgewing aan ons deurgegee. Ons wil graag ’n lys saamstel wat op die webblad en ons Facebookblad kan verskyn as verwysing vir mense wat graag ’n feesgeleentheid by ’n spesifieke plek wil bywoon. Wees asseblief so gaaf om vir ons die inligting van Geloftefeeste in u gemeente of u gemeenskap deur te gee sodat ons dit op die lys kan plaas.

Stuur asseblief die inligting so spoedig moontlik na boodskapper@apk.co.za

**Dienstelys**

’n Nuwe afdeling wat vir *Die Boodskapper* beplan word – ’n dienstelys vir ons eie lidmate. Die koste beloop R150,00 per kwartaal (3 uitgawes). Hierdie diens sal slegs beskikbaar wees vir AP kerklidmate. U verstrek net die tipe diens wat u lewer, area, naam, kontaknommer en e-pos-adres. Bring dit asseblief onder die aandag van die lidmate in u gemeente sodat ons in hierdie tyd kan hande vat en mekaar ondersteun.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 🖷 (012) 362-2023

Vir enige navrae of om u diens te lys, kontak Melaney Langeveldt by 012 362 1390 of stuur 'n e-pos na: boodskapper@apk.co.za.

Voorbeeld:

| DIENS | AREA | NAAM | NOMMER | E-POS |
|---|---|---|---|---|
| **Bloemiste** | Durban | Sannie Sakpas | 031 987 6543/ 083 235 9387 | blom@sanniesakpas.co.za |
| **Loodgieter** | Pretoria | Piet Pompies | 012 345 6789/ 083 235 9387 | info@pietloodgieter.co.za |

*Vriendelike groete*

**Ds. HSW Strauss**
**Afdelingshoof: Publikasies**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023